BONDIGE VERSLAG OOR DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE ("SAOU") SE HOOFDE VAN BETOOG IN DIE GODSDIENSSAAK

1. INDLEIDING

1.1. Die uitreiking van die aansoek in September 2014 aangaande godsdiensbeoefening in openbare skole het reuse belangstelling getrek uit verskeie oorde. Die saak, wat die eerste van sy soort is, word aangehoor tussen 15 – 17 Mei 2017.

1.2. Die saak handel oor die fundamentele regte van leerders in openbare skole om hul geloof en opinie uit te leef volgens die godsdiensbeleide van verskeie skole.

1.3. Die opsteller het gedeeltes van die hofstukke wat beskikbaar was in die openbare domein, ontvang en bestudeer.

1.4. Die applikant in die saak is die Organisasie vir godsdienste – onderrig en Demokrasie (hiernaverder verwys as "die Organisasie" of "die applikant"). Daar het verskeie *amicus curiae* ("vriende van die hof") toegetree wat die saak van die applikant ondersteun, naamlik die Minister van Basiese Onderrig, die Suid – Afrikaanse Onderwysersunie (hiernaverder verwys as "SAOU") en die *Council for the Advancement of the South African Constitution* (hiernaverder verwys as "CASAC"). Die gemelde partye sal vir gerieflikheidshalwe verwys word na as "die applikante", waar dit nodig is om uit te brei oor die punte wat ooreenstemmend is tussen die groepe en die applikant.

1.5. Die respondent - skole[1] verdedig hierdie fundamentele reg van vryheid van geloof in openbare skole, terwyl die applikant meen dat die respondent – skole se wyse van godsdiensbeoefening, ongrondwetlik is[2].

1.6. Die kommentaar is opgestel na die ommeswaai van die posisie van die SAOU oënskynlik ten gunste van die applikant se saak. Die SAOU dring aan dat dit nie die geval is nie.

1.7. Hierdie bondige uiteensetting spreek die volgende punte aan:

1.7.1. Die kern – argumente van die applikant (die Organisasie);

1.7.2. Die kern – argumente van die respondent – skole;

1.7.3. Die kern – argumente van die SAOU;

1.7.4. Die ooreenstemmende argumente van die applikant en die SAOU.

2. ARGUMENTE SPRUITEND UIT DIE HOOFDE VAN BETOOG VAN DIE APPLIKANTE

2.1. Dit kern van die saak vir die applikant, is dat openbare skole met 'n Christelike karakter ongrondwetlik is, en daarmeesaam, enige godsdienslied, - simbool (soos 'n skoolwapen), - teksvoorlesing en dies meer. Dit is die argument van die applikant dat sou 'n openbare skool 'n Christelike karakter (of *etos*) aanneem, dat dit noodwendig sal lei tot 'n vorm van dwang teenoor nie – christen en nie – gelowige leerders. Die term *"coercion"* word in die hofstukke gebruik om die verskynsel te beskryf.

[1] Laerskool Randhart, Laerskool Garsfontein, Laerskool Baanbreker, Hoërskool Linden, Hoërskool Oudtshoorn en Langenhoven Gimnasium

[2] Die applikant spesifiek, en so ook die gemelde "vriende van die hof", meen dat hul nie gekant is teen die beoefening van geloof in skole nie. Die enkele kwalifikasie is egter dat daar nie 'n "oorheersende" geloof moet wees nie.

2.2. Gevolglik, eis die applikant nie alleenlik dat die hof verklaar dat openbare skole wat met Christenskap vereenselwig ongrondwetlik verklaar word nie, maar ook enige optrede wat geag 'n belyning met Christenskap te wees.

2.3. Dit is die respondent – skole, *Cause for Justice, AfriForum* en *The South African Council for the Protection and Promotion of Religious Rights and Freedoms* wat die grondwetlike spasie van openbare skole vir die handhawing van die *status quo*, verdedig.

2.4. Buiten die regsargumente, wat besonders tegnies en uitgerek kan word, is die praktiese implikasies, sou die applikant slaag, as volg:

2.4.1. Daar sal nie meer gebedsopening in openbare skole mag wees nie;

2.4.2. 'n Predikant of geloofsleier sal nie 'n skool met 'n preek of gebed mag open nie;

2.4.3. Leerders gaan nie langer uit die Bybel mag voorlees met skoolopening nie;

2.4.4. Daar mag nie meer vrywillige organisasies, soos die VCSV, wat godsdiens in openbare skole bevorder bestaan nie;

2.4.5. Daar sal nie langer enige godsdiens – liedere gesing word nie;

2.4.6. Daar sal nie meer voor Rugbywedstryde gebid mag word nie;

2.4.7. Geen vergadering, formeel of informeel, sal met gebed geopen mag word nie;

2.5. Buiten die ingrypende regshulp wat die applikant versoek, is daar ook 'n pleidooi dat geloof in openbare skole meer gereguleer behoort te word.

2.6. Hierdie argument kom na vore in die applikant se aandrang dat die Nasionale Beleid op Religie en Onderrig ("die Beleid')[3] afdwingbaar en bindend is op openbare skole. Alhoewel heelwat gedeeltes van die Beleid is wat wye ooreenstemming geniet, is daar kardinale aspekte wat die regte van leerders en die magte van beheerliggame inperk.

[3] *National Policy on Religion and Education* GK 1307 SK 25459, gepubliseer 12 September 2003

2.7. Die applikante voer aan dat die Beleid afdwingbaar is, en dat die respondent – skole die beleid oortree deur 'n Christelike karakter voor te hou.

2.8. Die respondent – skole ondersteun die beginsel dat openbare skole, deur die volg die korrekte wetlike prosedures, by magte is om die godsdiensbeleid te bepaal, en ook om 'n bepaalde godsdiens aan te neem. Die respondent – skole ondersteun natuurlik ook die keuse van beheerliggame om nie 'n godsdiensbeleid aan te neem nie, indien die beheerliggaam so kies.

3. ARGUMENTE SPRUITEND UIT DIE HOOFDE VAN BETOOG VAN DIE RESPONDENT – SKOLE

3.1. Die respondent – skole stel dit ongekwalifiseerd dat die wyse van godsdiensbeoefening van openbare skole, volkome binne wetlike raamwerke geskied en daarvoor grondwetlik is.

3.2. Die kern van die respondent – skole se saak spruit uit die Grondwet self uit, wat lees: .

Artikel 15 (1) *Elkeen het die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening.*

Artikel 15 (2) *Godsdiensbeoefening kan by staats- of staatsondersteunde instellings geskied, mits–*

(a) *daardie beoefening* ***reëls*** *nakom wat deur die* ***tersaaklike openbare gesag*** *gemaak is;*

(b) *dit op* ***billike grondslag*** *geskied; en*

(c) *bywoning daarvan* ***vry en vrywillig*** *is* (beklemtoning bygevoeg)

3.3. Saamgelees met die Grondwet is artikel 7 van die Skolewet, wat as volg lees:

Artikel 7 ***Vryheid van gewete en godsdiens in openbare skole***

Behoudens die Grondwet en enige toepaslike provinsiale wet kan godsdiensbeoefening by 'n openbare skool gehou word ingevolge reëls wat deur die beheerliggaam uitgevaardig is, indien sodanige beoefening op 'n billike wyse geskied en bywoning daarvan deur leerders en personeellede vry en vrywillig is.

3.4. Alhoewel die applikante toegee dat die beheerliggame die aangewese liggaam is om 'n godsdiensbeleid te bepaal, skei die paaie of die uitvoering van die beleide wel grondweltlik is of belyn is met die Beleid.

3.5. Die applikant meen die beoefening van godsdiens by die respondent – skole is ongrondwetlik, die respondent – skole uiteraard nie.

3.6. Die respondent – skole het van deskundiges gebruik gemaak wat 3 verskillende aspekte van die saak aanspreek. Die deskundiges is dr. Tanya Robinson, dr. Anja Botha en dr. Jeanette de Klerk – Luttig.

3.7. **Dr. Tanya Robinson**

3.7.1. Dr. Robinson is 'n psigiatriese, forensiese sosiale werker, met uitnemende kwalifikasies.

3.7.2. Dr. Robinson was getaak om die sogenaamde *Voice of the Child* te vertolk en by wyse van 'n wetenskaplike verslag haar bevindinge bekend maak.

3.7.3. Die saak aan die kant van die respondent – skole is dat kinders, en in hierdie saak sowel die ouers, 'n stem het en in die saak gehoor behoort te word.

3.8. **Dr. Anya Botha**

3.8.1. Dr. Anya Botha is 'n lektor in Ontwikkelende Sielkunde aan die Universiteit van die Vrystaat, en is ook 'n berader.

3.8.2. Dr. Botha was getaak om die kwessie van dwang *("coercion")* aan te spreek, en die rol daarvan te ondersoek in die godsdiensbeoefening van die respondent – skole.

3.9. **Dr. Jeanette de Klerk Luttig**

3.9.1. Dr. De Klerk Luttig is 'n navorser aan die Universiteit van Stellenbosch se kantoor vr Morele Leiding en Opvoeding.

3.9.2. Dr. De Klerk – Luttig se spesialisveld is die rol wat waardes en onderrig speel in 'n kind se opvoeding.

3.10. Die bogenoemde deskundiges se verslae strek der duisende bladsye, maar is ondersteunend van die respondent – skole se saak.

4. ARGUMENTE SPRUITEND UIT DIE HOOFDE VAN BETOOG VAN DIE SAOU

4.1. Die SAOU stel eerstens dat hul nie gaan uitlaat oor die feitelik bewerings en die spesifieke regshulp wat die applikant aanvra nie.

4.2. Maar, sonder om te kyk na die aspekte wat die SAOU kies om nie aan te raak nie, is dit raadsaam om te verwys na die gedeeltes waarmee die SAOU en die applikant wel saamstem.

4.3. Alleenlik beskou vanuit die regsargumente van alle partye kan vergelykend gestel word, dat beide die applikant en SAOU, op die volgende ooreenkom:

4.3.1. Dat openbare skole wat 'n Christelike *etos* aanneem teenstrydig is met die Beleid, en as sulks, sou die hof die argumente van beide die applikante en die SAOU aanvaar, sal openbare skole voortaan nie meer 'n Christelike karakter mag aanneem nie.

4.3.2. Wat volg is dat alle sigbare en waarneembare godsdiensinisiatiewe, sal ook nie toelaatbaar wees nie.

4.3.3. Die Beleid is grondwetlik en dien as 'n afdwingbare dokument teenoor alle openbare skole. Die Beleid kan as sulks as basis dien om spesifieke skole se godsdiensbeleide aan te val as ongrondwetlik.

4.3.4. Beide die applikant en die SAOU is dit eens dat godsdiens in skole beoefen mag word, onderworpe aan die string kwalifikasies wat deur hul gestel word.

4.4. Prakties gesproke, sou die hof die argumente van die SAOU aanvaar, lei dit tot dieselfde as die uitkoms as in paragraaf 2 van hierdie verslag.

5. TEENSTRYDIGE OPENBARE STANDPUNTE

5.1. Soos genoem met die aanvang van die verslag, is dit juis die teenstrydige of verwarrende standpunte van die SAOU wat aanleiding tot die verslag gegee het.

5.2. Die regsargumente wat die SAOU in die hof gaan voer, word hierby aangeheg as **"Bylaag A"**.

5.3. Enkele passasies uit die regsargumente is as volg:

"The SAOU and its members are committed to upholding the National Policy" - paragraaf 6

"Second, they (SAOU) *submit that a proper interpetation of Section 15 of the Constitution requires that public schools should guard against alignment with a particular religion, or a limited set of religions that promote sectarian interests"* – paragraaf 9.2 (beklemtoning bygevoeg)

"...the best interest of children are not served by alignment with a particular religion." - paragraaf 9.3

"The SAOU agrees that the Schools Act confers primary and immediate responsibility for the formulation of rules and religious observances...it would be misplaced to understand the devolution of this responsibility to SGB's as absolute impervious to executive intervention...Section 15(2) of the Constitution...does not limit the appropiate public body to SGB's - paragrawe 30 – 31 (Vir konteks: beheerliggame is nie alleenlik die aangewese liggaam vir die reël van godsdiensbeoefening nie, die Minister mag ook 'n deurslaggewende rol vervul)

"Thus, the right to freedom of religion, belief and opinion prohibits the alignment of the state with any single religion or set of religions.." – paragraaf 47

EN

"... The Respondent schools argue that schools have the right to a religious identity, of which they are being denied...This argument is without merit. In fact, far from being a right, the taking on by a school of a particular religious identity is <u>prohibited</u>" - paragrawe 51 – 52 (Vir konteks: die gevolgtrekking is dat die Staat nie 'n bepaalde geloof mag bevorder nie, by implikasie ook nie openbare skole nie)

"Equitability also cannot mean the crude majoratarianism advocated for by the Respondent schools. They argue that because all of the Respondent schools are overwhelmingly Christian, equitability permits alignment with the dominant religion. This reasoning is unsustainable..." – paragraaf 59 (Vir konteks: SAOU voer aan dat gemeenskappe wat oorweldigend Christen is veronderstel nie dat 'n skool daarvoor 'n Christelike *etos* mag aanneem nie).

EN

"Accordingly, a homogenous school population might not require that the same number of religious observances are held for all religions. But it still does not permit alignment with any particilar religion." - paragraaf 60

"Rapport – 12 Maart 2017"

5.4. Die berig boekstaaf dat die SAOU se standpunt met betrekking tot die saak merkwaardiglik verander het, sedert die aanvang van die saak in 2014.

5.5. Daar word ook verwys na verskeie aanhalings van die SAOU in 2014, wat teenstrydig is met dit wat tans deur die SAOU aangevoer word.

5.6. Die berig word hierby aangeheg as **"Bylaag B"**.

"Beeld – 24 Maart 2017"

5.7. Die opskrif lui *"SAOU ondersteun steeds godsdiens in skole"* en skep die indruk dat die SAOU argumenteer vir die behoud van die *status quo*.

5.8. Dit is juis nie die *status quo* wat argumenteer word in die hoofde van betoog van die SAOU nie, aangesien daar standpunt teen openbare skole ingeneem word wat 'n Christelike *etos* aanneem.

5.9. Die berig word hierby aangeheg as **"Bylaag C"**.

"Facebook inskrywing – die Organisasie vir godsdienste – onderrig en Demokrasie – 1 Maart 2017, 4 Maart 2017 & 12 Maart 2017"

5.10. Indien die inskrywing van die applikant as enige baken kan dien, word die SAOU geloof vir sy verandering in posisie en is die applikant verheug (en verras) oor die verwikkeling.

5.11. Na aanleiding van die SAOU se openbare standpunt (24 Maart 2017), dat hul eintelik veg vir die behoud van die *status quo*, het die applikant die SAOU tereg daarop gewys dat dìe posisie nie in die regsargumente vervat word nie.

5.12. Die tersaaklike inskrywings word hieronder aangedui:

Slotsom

5.13. Die leser van hierdie verslag word aangemoedig om die argumente van die SAOU te lees en tot 'n gevolgtrekking te kom.

5.14. Dit is beslis nie moontlik vir doeleindes van hierdie bondige verslag om 'n omvattende eksegese te doen op elke aspek van die argumente van die SAOU nie.

5.15. In die lig van die klaarblyklike verwarrendheid wat ontstaan het oor waar die SAOU staan, is dit aangewese plek om te begin by die argumente wat by die hof ingedien is. Dit is immers al wat sal geld wanneer die saak uiteindelik aangehoor word.

EINDE